# Wen-wen geskenke

Liberty personeel

Vir baie mense voel die feesseisoen meer na ‘n finansiële las as ‘n geleentheid om saam met familie en vriende te vier.

Kom vanjaar vorendag met splinternuwe gedagtes oor geskenke wat die ware gees van ‘gee’ sal weerspieël.

## Tyd is geld

Tyd is een van die waardevolste geskenke wat jy kan gee en dit sal nie jou kredietkaart negatief raak nie.

- Pleks van speelgoed kan jy eerder vir die gesin ‘n bordspel koop. Bordspeletjies is groot pret en dit gee julle boonop die geleentheid om tyd saam as gesin deur te bring.

- Maak geskenkbewyse wat aan vriende en familie die geleentheid bied om jou tyd in ruil daarvoor te kry. Gee tuisgemaakte bewyse vir dinge soos kinders oppas; ‘n dag of aand weg van die kombuis en die wasgoed; die haal van kinders by die skool, of ‘n pedikuur / voetmassering tuis.

- Besoek jou ouers of grootouers ‘n week of twee voor Kersfees en help hulle byvoorbeeld deur die huis skoon te maak, in die tuin te werk of los takies soos verfwerk en klein herstelwerkies te doen.

- Maak ‘n collage van ou familiefoto’s deur plakboektemas te gebruik. Wees kreatief met verf, kleure en versierings en maak jou eie rame. Dit is ‘n puik manier om ou foto’s te sorteer en daardie spesiale oomblikke te laat herleef.

## Deel die las met mekaar

Een weldeurdagte geskenk kan meer waardevol wees as ‘n wavrag geskenke.

- Skryf elke familielid se naam neer en gooi die name in ‘n hoed. Elke familielid trek ‘n naam – en dan is dit die een vir wie jy ‘n geskenk koop, teen ‘n bekostigbare bedrag waarop almal saam ooreenkom!

- Andersins kan elke familielid oorreed word om ‘n spesifieke geskenk te maak. Kies ‘n tema, soos byvoorbeeld ‘n voël-voerder, fotoraam of skryfbehoefte-houer. Die geskenk kan gemaak word met voorwerpe wat in en om die huis beskikbaar is. Die kreatiefste ontwerp, soos per stemming deur die familie uitgewys, wen dan ‘n prys.

- Elke familielid spaar gedurende die jaar ‘n sekere bedrag, wat dan in ‘n gemeenskaplike fonds gehou word. Die geld word gebruik om aan die einde van die jaar ‘n partytjie te hou en vir elkeen een klein geskenkie te koop

## Onthou die betekenis van Kersfees

Pleks daarvan om vir mekaar geskenke te koop, besluit op ‘n welsynsorganisasie wat julle graag sou ondersteun. Onderneem ‘n daguitstappie om aan dié wat dit nodig het, kos en geselskap te gee.